

Publication: RapportEasternCape (Sport)
Publication Date: 11 Feb 2018
Page: 15

AVE: 31993.94
Circulation: 6875
Part: 1 of 1

# Tukkies wil droogte in die Kaap breek

**Leighton Koopman**

Die Universiteit van Pretoria is vasbeslote om sy wendroogte môre in Matieland te kom breek wanneer hulle die Maties in die Eikestad die stryd aansê.

Vir die verdedigende kampioen het die Varsitybeker-reeks nie op 'n goeie noot begin nie met die Tukkies wat sy eerste twee wedstryde verloor het. Boonop het die Maties-span 'n regstelling om te maak nadat hulle verlede jaar in die eindstryd teen Tuks verloor het.

In skrille kontras met hoe Tuks se seisoen begin het, het die Maties sy eerste twee wedstryde van die kompetisie met gemak gewen.

'n Derde sege vir die tuisspan sal hulle die oorweldigende gunsteling maak, terwyl 'n derde loesing Tuks se verdediging van sy titel erg sal bemoeilik.

"Die Maties op die Danie Craven, met al die studente wat geraas maak, is 'n moeilike plek om te gaan speel," het David Manuel erken.

"Dit gaan belangrik wees dat ons Maandag (môre) ons mees ervare span in die veld stoot. Jy soek manne wat al daardie soort wedstrydsituasie (druk) ervaar het."

■ In die eerste wedstryd môre is die Sentraal-Universiteit van Tegnologie en die Nelson Mandelabaai-Universiteit albei op soek na 'n eerste sege. Hulle pak mekaar in Bloemfontein.

■ Wits sal met hope selfvertroue na Bloemfontein reis vir hul wedstryd teen die Universiteit van die Vrystaat.

Wits beklee tans die tweede plek op die puntelys.

■ Die Pukke sal weer van voor af momentum moet bou ná hulle verlede week 'n loslootjie gehad het.

Die Pukke het die kompetisie afgeskop met 'n sege van 70-7 oor die Ixias.

■ **Bepalings: 16:45:** Ixias t. Madibaz (regstreeks, SS 1); **18:30:** Wits t. Shimlas; **18:30:** Ikeys t. Pukke; **19:00:** Maties t. Tuks (regstreeks, SS 1).

PEAR

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.

DALRO
DRAMATIC, ARTISTIC and LITERARY RIGHTS ORGANISATION (Pty) LIMITED